# 4 Junie 2023 - Lesing 65 - Wenke van Abba Vader vir die Eindtyd

***Bertha Dudde deur die Innerlike Woord***

Verlossing van die gekluisterde in die omgewing – 13/3/58

**NO: 7065** Julle almal sal tot verlossing van die geestelike kan bydra, indien julle liefde alles sal omvou wat nog in onvryheid en daarom in 'n ongeluksalige toestand verblyf. Die liefde is die enigste verlossingsmiddel. **Want die liefde is 'n versperring wat julle oprig teen die teenstander**, wat hom sy werksaamheid belet.

Wanneer julle dink aan die ongelukkige gekluisterde geestelike, dat hulle nog aan die teenstander toebehoort; wanneer julle hulle sou wil help en julle krag inspan om hulle te bevry, dan doen julle waarlik 'n verlossingswerk van die grootste betekenis. Want die positiewe ontwikkeling word vir hierdie geestelike vergemaklik. Hulle is in staat om vinniger by die wette van die Goddelike orde aan te pas en **kan die uiterlike vorm nou ook makliker oopbreek en vinniger in ander nuwe vorms ingesluit word**, sodat hulle gouer volwasse kan word.

En hierdie verlossing van die gekluisterde geestelike bring julle mense tot stand deur die besigheid wat julle **onder die seën van God bewustelik in liefde verrig**, hetsy dit gebeur deur die skep van materiële dinge wat 'n dienende doel vervul, of ook deur hulle te help om diensbaar te wees, as julle wil julle maar steeds sal aanspoor om die gebonde geestelike te help om vooruit te gaan. Alle werk sal dan, buiten sy eintlike doel, **ook 'n geestelike uitwerking hê**, wat julle weliswaar nie sal kan sien nie, maar wat onteenseglik vir die gebonde gees weldadig sal wees en sal julle ook self in 'n sfeer buite die normale lewensfeer verplaas, sodat die geestelike in die materie en ook in die wêreld van die natuur **hulleself by julle sal aansluit en aan julle dus self uitstralings afgee** en gevolglik sal julle nabyheid al versagtend inwerk op die nog gekluisterde geestelike.

Julle sal dit moet glo, dat julle al geweldige verlossingswerk verrig, wanneer julle alles om julle heen met liefdevolle gedagtes omvou. Egter nie met 'n liefde wat wil besit nie, **maar met medelydende, gelukkigmakende liefde**, wat wil help en wat na alles kyk wat julle in jul daaglikse lewe dien. Die in die materie gekluisterde ervaar hierdie liefde en sal steeds meer bereid wees om julle te dien. En dit is al die begin van die opgee van hul weerstand.

Julle sal dan egter self 'n bewustelike lewe leef. **Bewus van julle eie taak en ook bewus van die toestand van alle skepsele en alle geskape dinge**. En wanneer julle self in die stadium van so 'n liefde binnegegaan het, wat alles omvat - ook die **sogenaamde dooie materie** - dan sal dit vir julle ook maklik wees om in julself die geregverdigde ordening tot stand te bring, omdat liefde dan ‘n krag is, wat dit ook volbring het om die substansies wat nog teen God gerig is, te versag en hulle te help om geestelik te word.

Julle sal dus as te ware 'n stryd moet voer teen hom, wat hierdie substansies nog in sy mag het. Maar hierteen sal julle slegs kan stry met die wapens van die liefde. Dit is 'n onomstootlike wet, **dat die teenstander van God slegs deur die liefde van sy aandeel ontworstel kan word.**

En wanneer julle nou weet dat selfs die in die materie gekluisterde geestelike voor die krag van julle liefde beswyk, dat hulle kontak soek met julle en in julle hande as te ware hul weerstand opgee**, dat hulle deur julle wil hulself sal laat omvorm om nou ook te kan dien**, dan sal dit ook nie vir julle moeilik wees om te glo dat julle dieselfde omvorming ook in julleself tot stand sal kan bring deur die liefde. In die liefde het julle so 'n doeltreffende wapen teen die vyand van julle siele, sodat hy steeds minder invloed kry op die geestelike substansies wat nog as ongeordend in julle liggaamlike omhulsel teenwoordig is.

Die liefde kan alles bereik. Die liefde neem ook pyn en smart op haarself, as sy daardeur 'n reddingswerk kan volbring. En hierdie onbaatsugtige liefde sal julle mense moet beoefen. **Want aan hierdie liefde kan die teenstander geen weerstand meer bied nie**. Hy sal dan die plek vermy waar net liefde hom steeds tegemoet tree, omdat sy mag daar gebreek is. Maar dit beteken in die eerste plek dat julle julself sal moet omvorm tot liefde. Dan eers sal ook die krag in julleself verlossend besig raak.

En alles het bystand nodig, beide julle medemens, **asook die skeppingswerke wat julle omring**, hetsy dit die **1)materie, die 2)plante of 3)diere** is. Dit alles kan met die rypwording van hul sielesubstansies **aangehelp word deur julle,** wie as ek-bewuste wesens in die laaste stadium van ontwikkeling is.

Straal julle baie liefde uit, dan word ook dit wat in julle omgewing is, deur hierdie liefde aangeraak en aangespoor om hul weerstand te verswak. Hulle voel die uitstraling van julle liefde as weldadig aan en hulle gaan as te ware julle wil binne om dienend hul taak te vervul, **soos wat dit egter wederom ook deur elke liefdelose bestraling verhard** en hulle dan as sodanig te kenne gee deur **1)abnormale ontwikkeling, deur 2) boosaardigheid of 'n 3)ongunstige invloed op jul omgewing.**

Wat sou julle mense alles kon bereik het as liefde julle hele wese sou bepaal het om te dink en te handel. Dan sou daar waarlik geen ongeordende toestande in en by julself gewees het nie, **omdat julle liefde julle ook voortdurend die stroom van Krag uit God sou verseker** en dit sou waarlik alles tot stand gebring het, sou dus ook in staat gewees het om orde te skep op 'n manier wat al die nog onrype geestelike hulself gewillig aan julle sou onderwerp.

Met geweld sal julle niks bereik nie, maar met liefde alles. En gevolglik sal julle gesond kan word na siel en liggaam, wanneer julle probeer om in liefde met alles in die regte orde te kom. Dan sal die liefde alles verander wat hulself tevore geuiter het as teen God gerig. **Op grond van die liefde sal die siel van alle omhulsels verlos word**. En ook die liggaam sal ophou om in stryd met God aktief te wees, omdat die liefde nou die teenstander alle toegang belet, omdat waar liefde is, sy werksaamheid nou onmoontlik geword het. Amein.